

Sondag 2 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 23:1-7 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 23:5

God bevestig sy Koningskap in 'n ewige verbond

Koning Dawid se laaste woorde ... Maar nie, soos verwag, 'n terugroep van die verlede nie, wel 'n toekomsgerigte lied.

In die voorafgaande danklied het Dawid teruggekyk na wat agter lê en hy loof en dank God vir sy vasstaande en onveranderlike verbondsbelofte aan sy koningshuis gegee. Hier in hoofstuk 23 is hy egter besig met 'n profetiese Godspraak (vs 2a) oor wat in die verre toekoms nog sal geld (vs 5b).

In hierdie lied is die fokus op die Dawidsbelofte, naamlik dat die Here belowe het dat daar altyd van sy nageslag op die troon sou sit. Hierdie belofte wat in die volgende eeue so 'n groot invloed op die geskiedenis van Juda sou uitoefen. Die belofte het hier in die eerste plek betrekking op die huis van Dawid, maar is ook 'n profesie wat wys op die Messias. Dit beteken dat God Hom reeds teenoor Dawid met hierdie belofte verbind het, naamlik dat God aan Dawid se nageslag 'n blywende koningskap sal skenk, wat strek tot in die verre toekoms, met die beloofde Messias wat ewig sal heers.

Jesaja 9:5-6: *“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer ... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid.”*

God se genade is juis vir ons in hierdie Messiaanse belofte opgesluit deurdat dit nie aan menslike meewerking oorgelaat is nie, maar geheel en al in God self berus. Met ander woorde: in die sekerheid waarmee Dawid spreek, blyk God se verbondsbeplanninge dat dit sal gebeur ten spyte van die afvalligheid van sy troonopvolgers.

Wat 'n heerlike troos om te weet dat God getrou bly aan sy beloftes ten spyte van ons eie swakhede. Jesus Christus voer sy heerskappy uit oor elkeen van ons se lewe.

Sing: Psalm 45-1:1, 10

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)